# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Weerspieël die heerlikheid van die Here

**Skriflesing:**
Ex 34:29-35;
2 Kor 3:1-18;
Heb 10:19-25

**Teksvers**:
2 Kor 3:18

**Sing**:
Ps 111-2:1,2,3,4
Ps 108-2:1,2,3
Ps 139-1:1
Sb 16-1;1,2,3
Ps 107-1:1
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Moses moes ‘n sluier oor sy gesig dra sodat die Israeliete nie kon sien dat die glans wat daaruit gestraal het al flouer geword het nie. Dit nadat Moses in God se teenwoordigheid was toe hy die tien gebooie ontvang het.

Vandag moet ons die heerlikheid van die Here weerspieël in ons lewens. Ons kan dit doen omdat die voorhangsel geskeur is met Jesus se kruisiging. Dit kan net gebeur deur die werking van die Heilige Gees. Die vraag is aan elkeen van ons, weerspieël ons die heerlikheid van die Here in ons lewens of is ons bloot wettisties om God daardeur te wil dien?

- Moses se gesig blink omdat hy met God gepraat het.
- Die voorhangsel het geskeur sodat ons direk met God praat.
- Ons moet die heerlikheid van God weerspieël.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Die profetiese, priesterlike en koninglike Jesus

**Skriflesing:**
Luk 2; Miga 4

**Teksvers**:
Luk 2:12

**Sing**:
Volg die program op die bord

**Prediker**: Ds Maarten van Helden






# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 43 4 Des 2022**


## Trek vyf kledingstukke aan

**Kol 3:12** **(’53 vertaling**) *“Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid*.”

Paulus noem die Kolossense hier uitverkorenes. Wat ’n gelaaide term, wat ‘n voorreg en genade om so genoem te word.

“*Uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes*.”

God het hulle/ons uitverkies. God het hulle/ons geheilig, afgesonder.

God het hulle/ons lief. So, die uitverkiesing is ‘n gegewe vir almal wat waarlik in Jesus Christus glo. Die uitverkiesing is ‘n feit. Jy werk nie om dit te verdien nie. Jy moet nie iets bewys daarvoor nie. Dit is in God se soewereine groot genade.

Met hierdie groot genade wil ons nie anders, as om dankbaarheid teenoor God te bewys nie, ‘n dankbaarheidslewe tot sy eer nie.

God verwag dat ons lewe sal bewys dat ons uitverkies is. (2 Pet 1:10)

Jy moet beklee word met… en Paulus noem vyf eienskappe in Kol 3:12. Hierdie eienskappe word ook in die Bybel gebruik om God en Christus se optredes te omskryf. En dit is juis hoekom die uitverkore volk ook al meer en meer hierdie eienskappe nastreef.

Die vyf kledingstukke, wat ons geestelikgewys moet aantrek is, meelewendheid, goedgesindheid, nederigheid, sagmoedigheid en verdraagsaamheid.

Dit is dan deel van die nuwe lewe van ‘n Christen. Dit is om in liefde teenoor mekaar te lewe en so ook jou liefde teenoor God te bewys. Dit is hoe ons dan ook as gemeente wil saamleef om God te vereer en te verheerlik.

Mag ons ook deur die genade van God en die werking van die Heilige Gees ons so beklee.

Ds. Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

**Vrug van die Gees!**

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Emeritaatsversorging

By die deure: Ekumenisiteit Buiteland


**Volgende week:** Barmhartigheid

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |





# Kerssangdiens

U word almal uitgenooi na vanaand se Kerssangdiens.

Die program sluit in:

- 'n Voorspel deur die orkes van Cilliers en Cornelia du Preez en kinders wat om 17:30 begin.
- Optrede deur Centurion Cantus.
- Heerlike samesang met die oog op die Kersgety.

**Kom loof die Here met lofgesang!!**

## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**04-Dec-22**

| | |
|---|---|
| **Esther** Hoffman | Blok A |
| Elzabé Barnard | Blok B |
| Leandri Struwig | Blok C |

**Volgende teeskikbeurt is 15 Jan 2023**






# *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4 Des | Elana | Brits | B15 | 27827821416 |
| | Christine | Strydom | A04 | 27828722215 |
| 5 Des | Reynhardt | Kruger | B15 | 27824483406 |
| | Thinus | Nel | C01 | 27834087811 |
| 6 Des | Celliers | de Souza | A08 | 27829626275 |
| | Kara | Smith | B10 | 27828563704 |
| 7 Des | André | Beumer | A09 | 27827779112 |
| | Natasha | Engelbrecht | A14 | 27726981649 |
| | Petru | Swanepoel | C13 | 27828004131 |
| 8 Des | Heleen | Daniels | E01 | 27711352420 |
| | Melinda | Engelbrecht | A10 | 27828362022 |
| | Lorraine | Gouws | C12 | 27824506202 |
| | Etienne | Grobler | C07 | 27721029845 |
| | Charlaine | Kruger | A18 | 27649039993 |
| | Marie | vd Walt | C03 | 27828771971 |
| 9 Des | Don | Algera | B06 | 27798958316 |
| | Peter | Reesink | B03 | 27659301796 |
| | Doedo | Stavast | B16 | 27823792797 |
| | Melicia | van Rooy | A01 | 27828264850 |
| | Jaco | Wattel | B17 | 27828541430 |
| 10 Des | Lucas | Scheepers | A03 | 27827544507 |
| | Daneel | van Dyk | C06 | 27846857001 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7 Des | Aliska | Nöthling | A11 | 27761457124 |
| 9 Des | Janke | Cronje | C05 | 27763079223 |
| | Mieke | Pretorius | B17 | 27789891482 |

## *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Hettie vd Elst sterk tuis aan na 'n operasie (A7—073 405 0490).
- Bettie Viljoen het 'n draai in die hospitaal gemaak (A8—082 926 5350).
- Isabel Coetzee-Prinsloo sterk aan na 'n prosedure (B—071 158 9045).
- Jossie Briers sterk tuis aan na 'n operasie (A1—667 3282***).***
- Johan Pretorius sterk nog aan in Kloof hospitaal (A6—082 444 3740).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*

♥ Ettiene en Lirieka Rousseau met die doop van Jaydon en Aurora.

♥ Hendrik en Karlien Botma met die doop van Abbygail en Chloé.

**Alethea Outreach 11:00**

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig?** Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena 072 974 2728.

Ek spesialiseer in die **registrasie van huisoordragte.** Onthou dit is u, die Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag van diens wil wees. Pieter Wolmarans 083 949 88 99. PF Wolmarans Prokureurs.

**Mobiele Haarkapper**. Is dit moeilik om by 'n Haarsalon uit te kom? Ek kom na jou toe: was, sny, kleur— Centurion-omgewing. Lindie de Beer 076 241 2967.

**Kombuisontwerp**-, vervaardiging- en installasie van kombuis- en ingeboude kaste. Sertifisering van nuwe en bestaande **gasinstallasies** met sertifikaat van voldoening. Algemene onderhoud, verf-, teëlwerk en kantoor uitlegte. Werner vd Walt 082 308 6238 werner@bwinteriors.co.za

**Betroubare bediende** soek werk Ma, Di, Wo, Vry. Maria 079 808 6614.

## Toer na Egipte & Israel

Kom toer saam met Ds Maarten na Egipte en Israel. Nog 6 sitplekke beskikbaar.

**23 Junie – 4 Julie 2023**

Klim Sinai-berg; Swem in die Rooisee; Besoek die Tabernakelprojek; Dryf in die Dooie See; Sien Jerusalem en nog vele meer.

Kontak Isabel Nel 0836405304 vir meer besonderhede



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

## GTA-AKSIE

Uitstappie na GLYKLIP

Saterdag, 14 Januarie 2023





## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/ herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## 2022 Geloftefees in Centurion

Plek : Gereformeerde Kerk Centurion

Datum : 16 Desember 2022

Aanvangstyd : 09h00

Geloftediens : Ds. Hein Delport

Feesrede : Herdenking van die Gelofte van 1838 en die hoop wat dit in 2022 bied—Alana Bailey

Die verrigtinge sal ook gestroom word op stroom.gkcenturion.co.za

Kontakpersone :

Charl van den Bergh - 072 698 7956/

Paul Retief - 082 562 9845



# Bybelskool van Centurion 2023

**bied aan**

**Hoe kan gelowiges voorkom dat hulle in hul geloof-entoesiasme en geloofsekerheid ondermyn word?**

2 Petrus is 'n brief van die apostel Petrus kort voor sy dood. Dit is eintlik 'n geestelike testament wat hy nagelaat het. In hierdie testament gee hy aan sy lesers op verskeie wyses leiding wat hulle moet doen om nie in hulle geloof te verflou of onseker te raak nie. Ons beplan om in ses Bybelstudie sessies in besonderhede aandag te gee aan hierdie testament.

**Begin datum: 7 Februarie 2023**

**Almal welkom**

**Plek**: Geref Kerk Centurion

Basdenlaan 226, Lyttelton

**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30

**Koste**: R100 pp

**Aanbieder**: Dr Douw Breed

**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)/Hein Kaiser 08 277 277 18

